



SAAMPRAATPAPIER 16 FEBRUARIE 2014

LEES Hand 1:1-8, en Matt 5:13-16;
asook Matt 28:19; Johannes 20:22 en Ef 5:8

DEEL in groep dit wat jou aanraak

UIT “AANSTEEKLIKE CHRISTENSKAP” (Willow Creek)

A : DAAR IS SES MANIERE OM UIT TE REIK. Kyk as omgee-/selgroep daarna en deel met mekaar wat die meeste op jou van toepassing is. Praat oor geleenthede wat bestaan waar jy op jou manier kan uitreik en meehelp aan die uitbreiding van God se eer en Sy Koninkryk.

- ▶ Konfronteer : bv HANDELINGE 2 PETRUS
 - ▶ Selfversekerd
 - ▶ Laat geld sy/haar mening
 - ▶ Reguit
- ▶ Redeneer : bv HANDELINGE 17 PAULUS
 - ▶ Nuuskierig
 - ▶ Analities
 - ▶ Logies
- ▶ Getuig : bv JOHANNES 9 BLINDE MAN
 - ▶ Duidelike kommunikeerder
 - ▶ Storieverteller
 - ▶ Goeie luisteraar
- ▶ Kuier en Gesels : bv LUKAS 5:29 MATTEUS
 - ▶ Warm persoonlikheid
 - ▶ Gemaklik in gesprekke
 - ▶ Vriendskap gerig
- ▶ Dien : bv HANDELINGE 9:36v DORKAS/Tabita – altyd besig om goed te doen en ander te help
 - ▶ Fokus op ander mense
 - ▶ Nederig
 - ▶ Geduld
- ▶ Uitnoui : bv JOHANNES 4 VROU BY DIE PUT
 - ▶ Verhoudingsgerig
 - ▶ Gasvry
 - ▶ Oorredend

B: WAT IS JOU LEWENSSTORIE WAT JY AAN ANDER KAN VERTEL SODAT HULLE KAN SIEN HOE JESUS ‘N VERSKIL IN JOU LEWE GEMAAK HET? Skryf (**vertel in die groep as jy vrymoedigheid het**) jou storie aan die hand van die volgende indeling (vergelyk bv in Fil 4:4 – 14 met Paulus se lewensstorie volgens hierdie indeling)

1. **Vroeër:** Wat het jou lewe gekenmerk voordat Jesus hoofsaak in jou lewe geword het? Waarin het jou sekerheid en sekuriteit gelê?
2. **Jesus:** Wat het gebeur? Waarom het Jesus vir jou belangrik geword? Hoe het Jesus deel geword/groter deel geword van jou lewe?
3. **Verandering in jou lewe agv Jesus:** Wat het verander? Wat is die fokus van jou lewe nou? Wat is jou visie vir die toekoms?
4. **Nou:** Hoe lyk jou lewe nou? Waarmee sukkel jy nog steeds?